30 Desember 2021 - Lesing 1 - Ons respek en suiwer spraak van Afrikaans, verklap ons innerlike wese. - Taalverbastering verklap dus `n innerlike geneigdheid tot geestelike verbastering

Minagting van Afrikaans deur Volksleiers en –voorlopers

`n Suiwer taal verklap die innerlike suiwerheid en volksliefde van die betrokke persoon. Kortom, `n bastertaal wat vol anglisismes gepraat en geskryf word, verklap `n innerlike wat self verbasterd wil bly ten opsigte van waarheid en leuen. Dus sal `n ernstige wil om geestelik suiwer te bly of te word, manifesteer in `n suiwer gesproke en geskrewe taal, in ons Boerevolk se geval, Afrikaans.

Gedurende hierdie afgelope week moes ek in afgryse luister na mense, wat as Boerevolk volksleiers bekendstaan, se absolute verkragting van ons wonderlike taal, Afrikaans - wat ek glo ons vorentoe sal moet herdoop tot Boeraans, Boeretaal, Boers of iets dergeliks. Dit het nodig geword, omdat die taalkundige leiers so liberaal geword het, dat daar daagliks anglisismes en leenwoorde amptelik in woordeboeke bygevoeg word wat werklik ten hemele skry.

Hoe kan jy, meneer of mevrou Geestelike Leier of rigtinggewer vir die volk, enige geestelike suiwerheid aan jou volk verkondig, terwyl die walglikste anglisistiese Afrikaans gebesig word om jou punt te staaf?! Hoe kan ek vertroue in jou standpunte hê, as jy die geringste kleinood, jou Moedertaal, minag, - iets wat jy al vanaf kindsbeen af ontvang het?

Ek besef terdeë dat ons almal probleme het daarmee, veral in die daaglikse wandel en handel, veral laasgenoemde, want selfs Afrikaanse mense ken bitter min Afrikaanse tegniese terme.

Maar wanneer jy `n toespreek voorberei en n stemboodskap uitsaai, verwag ons as hoorders iets beter. Elke ware Boer en Boerin wil tog nie sien dat die Boerevolk in die niet ingaan en verdwyn nie, want ons veg om ons kinders volksgebonde groot te maak en te laat trou. Waarom dan die gebrek aan trou teenoor Afrikaans, een van die hoeksteen uitkenningstekens van ons Boere-identiteit?

Laat hierdie volgende eenvoudige gediggie oor Afrikaans tot jou hart spreek:

My trots, my taal… Afrikaans

Van moederskoot ken ek jou…
in kleutersang en troetel woord,
strompel jy hink-hink tot skoene groot.

My taal… Afrikaans, jy's lieflik in klank,
hoe meer ek van jou leer, hoe meer wil ek weet,
so laat my toe om jou te ontleed.

Jou suiwer prag en praal is skaars
soos eeue oue skatte verborge in bestaan
moet ons keer dat jy nie in tyd vergaan.

Jy's volks besit in jou skugter roem
en pronk pragtig in digterstaal
en vele spannings volle verhaal.

So luier op elk' gewillige tong – my taal,
kosbaar is jou klank wyl ons in jou spore dwaal.

Deur Cornien

Lewensgeheime deur Gottfried Mayerhofer (1807 1877)
Hoofstuk 2 - Hemel, hel, aarde

Die volgende aanhalings is deur Abba Vader aan Sy skryfkneg gedikteer vanuit die Hemele:

Hierdie volgende innerlike ontvangs van ons Hemelse Vader se Woord aan die Duitser Gottfried Mayenhofer wat ons deeglik gaan behandel, is van uiterste belang wanneer ons in ons Moedertaal, Afrikaans, praat, skryf of selfs bid.

"As julle die geestestaal ietwat beter sou ken, sou julle in elke woord wat op My betrekking het, wat die belangrike en baie groter geestelike sin onthul; julle geen genoeë gehad het met die begrip van die woord as `n soort kors nie, maar sou aan die innerlike waarde meer vreugde en geluksaligheid belewe het as wat ooit in julle gedagtes sou opgekom het.

Dan sou julle daarnaas ook gevind het dat elke volk, na gelang van die qua geestelike trap, hoog, hoër of die hoogste staan, homself openbaar in woorde en uitdrukkings wat Myself aandui. Of glo julle dalk dat tale bedink word, soos wat julle taalondersoekers dink om aan te toon? O, dan maak julle `n groot fout!

Woorde is nie altyd gemaak aan die hand van nuwe ontdekte voorwerpe en nuwe behoeftes van `n volk nie, **maar taal as geestelike produk loop steeds parallel met die geestelike sienswyse van `n volk**. Julle kan immers self sien uit die geskiedenis van die nasies, hoe met die geestelike styging of daling van `n nasie die taal hom ewe-eens verhef of verlaag, en hoe met die eindiging van `n nasie ook die (lewende) taal geheel uitdoof. "

[Presies wat nou met die Kaaps-Afrikaans gebeur, `n verplatting wat platvloerse skollietaal verhef bo die eertydse verhewendheid van ons suiwer voorvaderlike Afrikaans]

"Taal is die uitdrukking van die siel. Hoe hoër en skoner die taal, des te groter is die intensiteit van haar uitdrukking. Dit weet egter slegs geeste om dit op waarde te skat, **of ook deur My liefde en genade gewekte mense.** "

[taalveragters wat anglisistiese Afrikaans uitspu, is dus ongewekte geestelike mense]

"Agter die verskillende wendinge van mond en keelspiere, tussen die sissende, klakkende, trillende en fluitende klanke wat op `n bepaalde manier saamgestel die een of ander woord uitmaak, open daar `n

hoër geestelike betekenis wat vir julle, soos hiërogliewe van `n verlore paradys, onbegryplik geword het!

Ook daarin is die aarde dus verskillend van baie ander wêrelde. Terwyl op die wêrelde slegs één wyse van uitdrukking (taal) heers en alle skepsele slegs een en dieselfde weg gaan, bestaan daar op hierdie aarde duisende verskillende tale, as verbasteringe van slegs een taal. Op die manier word daar dus aan die bewoner van hierdie aarde - naas baie beproewinge van sy geduld en uithoudingsvermoë - bowendien nog opgelê dat hy, as hy wil omgaan met sy broeders van ander nasies, hy hul taal sal moet leer om hul te laat begryp wat hy dink en voel; of as hy van sy vreemde broeder iets wil leer of iets self aan hom duidelik wil maak, hy hom in die taal verstaanbaar sal moet maak."